Ontmoeting 37

JOB
Wie is reg?

Teks: Job 1, 2 en 42

Benodigdhede:

- Swart vullissakke
- Klere om kinders (of leiers) aan te trek om Job, 'n denkbeeldige vriendin van Job se vrou en 'n Bybelskrywer voor te stel. *Hierdie voordrag moet voor die tyd geoefen word om effektief te wees.)*
- Koerantpapier
- Babapoeier
- Stukkie gebreekte porselein
- Boekrol: opgerolde A3/A4-papier
- Inkleurprent van Job
- Gekleurde papier
- Kopieë van handafdruk op A4
- Verf om hande in te druk
- Stukkies gebreekte teëls of porselein
- Gom
- As (wat oorbly na 'n braaivleisvuur)

WELKOM

1. **Geskeur:** Deel in groepe en trek vir twee kinders in die groep swart sakke aan. *(Sny net 'n gat vir die kop – dis nie nodig vir die arms ook nie.)* Die ander kinders in elke groep kry 45 sekondes om hul kind se swartsak te skeur.
2. **Drama-drama:** Laat die kinders die verhaal van die 3 klein varkies opvoer. Stop hulle na die eerste varkie se huisie val en sê dit was nie vrolik genoeg nie. Hulle moet meer opgewonde wees en lag en spring terwyl hulle verder vertel. Stop hulle weer na die tweede varkie se huisie val en kla dat dit glad nie so werk nie. Hulle moet hartseer wees, huil en kerm.
3. **Sing:** "Dis so lekker om die Here te dien".

WYDING

Temalied: "My God is so big, so strong and so mighty" - Go Fish (www.youtube.com/watch?v=mlocukBCPu0&list=PLfOwMD-EocRHuCeagTbWKm_dTpF-fS3-x)

Stilword-ritueel: Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en lig patrone binne hul ooglede. Sê na 10 tellings in 'n rustige stem (terwyl hul oë toebly): "God se lig skyn altyd voor jou, of dit donker of lig in jou lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem." Wag nog 'n paar tellings en sê dan: "Amen."

WOORD

Drie karakters kom vertel Job se storie: eers 'n gemene vriendin van Mevrou Job, dan Job self en uiteindelik 'n Bybelskrywer wat die verhaal in perspektief plaas.

Die vriendin *(aangetrek om soos 'n deftige Bybelkarakter te lyk):*

"Laat ek julle nou vertel. Julle sal nie glo wat gebeur het nie. Ek het geweet dis te goed om waar te wees. Job en sy vrou en kinders was verniet so gelukkig. Kamma goeie mense gewees. Nè? Nogal my beste vriendin... Mevrou Job. Gmf.

"Ryk, skatryk sê ek jou. Ken nie die einde van hulle skatte nie. Sewe duisend skape, drie duisend kamele, vyfhonderd trek-osse, vyfhonderd donkies en wie weet hoeveel slawe. Sy het seker nooit self gewerk nie.

"En die kinders is na elke partytjie toe genooi. Job het ewe vroom elke keer gaan offer vir ingeval sy kinders verkeerd gedoen het. Maar ek het geweet dit kan nie hou nie en ek was reg.

"Daar het hy nou alles verloor. Alles. Sy kinders, sy diere, sy slawe, sy huise en nou is hy boonop dodelik siek. Ek sit nie my voete daar nie. Netnou steek ek aan. Sy vrou het altyd vertel hoe gelukkig getroud hulle is. Nou... nou is sy moedeloos en kwaad en hy sit op die ashoop.

"Laat dit nou vir jou 'n les wees. Mens weet nooit met mense nie. Jy dink hulle is so goed en gaaf en dan... nè. Hulle het seker al die tyd net hulle skelmstreke weggesteek.

"Julle sien... ek steek niks weg nie. Ek sê wat ek dink. Ek is net eerlik." *(Gaan staan eenkant.)*

Job

(Job het stukkende klere aan en as op sy kop. Gebruik geskeurde koerantpapier en ook babapoeier om hom vaal te laat lyk. Laat hom ook 'n stukkie gebreekte porselein gebruik om hom te krap.)

"Ai... ai. Hoe lank nog. Dit maak nie sin nie. Ek kan nie eet van die pyn nie, ek kan nie ophou kreun nie. Waarvoor ek bang was, het my getref. Ek verstaan nie wat dit als beteken nie. Almal sê dis God wat my straf omdat ek verkeerd gedoen het. Maar ek het nie verkeerd gedoen nie. God wéét ek het nie verkeerd gedoen nie.

"Nadat my kinders dood is, is van my vee gesteel en dit wat oorgebly het, is deur weerlig doodgeslaan. En my werkers, my arme werkers... die skurke, die Galdeërs, het hulle doodgemaak. *(Job huil.)*

"My vriende was so gaaf om hier by my te kom sit nadat ek siek geword het. Hulle het vir 'n week hier gesit en saam met my getreur. Dit was beter toe hulle net hier gesit het, maar nou is dit aaklig. Hulle hou nie op om vir my te preek nie. Hulle beskuldig my die hele tyd dat ek jok as ek sê dat ek niks verkeerd gedoen het nie.

"My vrou, my liewe vrou, saam met wie ek so gelukkig was, sy sê nou ek moet God vloek. Maar hoe kan ek? Hy is die Almagtige. Kyk net na die wonders wat Hy gemaak het. Hoe kan ek dan nie vir Hom lief wees nie? Hy is so fantasties! My tye saam met God was die beste tye in my lewe.

"Almal spot my. Jongmense en oumense, vreemdelinge en diewe. Hoe kan dit wees? As God net met my wil praat dat ek dit kan verstaan." *(Job huil.)*

Die Bybelskrywer

(Aangetrek soos in die ou tyd met 'n boekrol – opgerolde A3/A4 - in die hand. Hy rol die "boekrol" oop.)

Dis so jammer dat mense nie verstaan wat met Job gebeur het nie. Almal het gemaak asof hulle weet wat aangaan, maar dis nie waar nie. Net God het als geweet.

Dís wat gebeur het:

Op 'n dag het die satan voor God gaan staan. "Ek het die wêreld deurkruis," het hy gesê. "Dan sou jy vir Job gesien het," het God gesê. "Hy is die beste man op aarde. Hy is opreg en hy glo in My."

"Ja," het satan geantwoord. "Dis net omdat U hom so ryk gemaak het. U help hom met alles wat hy doen. Ek weet dat as hy swaarkry, sal hy ophou glo... hy sal U in U gesig vloek."

"O nee," het God gesê, "nie Job nie. Hy sal getrou bly. Selfs al gee Ek hom in jou mag, sal jy dit nie regkry om sy liefde vir My weg te neem nie."

Satan het gegaan en al hierdie swaar rampe oor Job laat kom. Eers was dit sy kinders, toe sy vee en werkers. Maar Job het bly glo.

Satan sien toe hy gaan dié slag verloor. Job is te getrou. Toe kry hy toestemming om ook vir Job siek te maak. Arme Job. Dit was so swaar. Sy vriende en sy vrou het nie verstaan dat hy 'n goeie man was nie. Sy vriende het hom beskuldig, sy vrou het gesê hy moet God vloek. Oral het mense sleg gepraat van Job. Hy was so alleen. Niemand het meer vir hom omgegee nie.

Satan het gesien hy verloor. Daar was geen manier hoe hy vir Job kon kry om God te vloek nie.

God het met Job begin praat. Hy het vir Job gehelp om weer te sien hoe groot en magtig en liefdevol God is. Net om God se stem te hoor, was vir Job wonderlik. Job kon verstaan dat hy maar net 'n mens is... klein, swak en sondig terwyl God so groot is dat Hy sterre en planete kon maak, see, berge, perde en volstruise. Job het gevoel hy is weer naby God en het krag om aan te hou.

God het vir Job gesondgemaak en geseën. Hy het weer 7 seuns en 3 pragtige dogters gehad, die mooistes in die land. Job het meer as dubbeld soveel vee as voorheen gehad. Job het verstaan hoe groot God is en hy het almal met respek behandel, veral sy dogters. Al het ander mense in daardie tyd hulle seuns voorgetrek, het Job sy dogters saam met hulle broers laat erf.

God was reg. Job was opreg. Job het nie net in God geglo sodat hy dinge by God kon kry nie. Hy was regtig 'n vriend van God. Hy was lief vir God omdat Hy God is.

Kinders kry tyd om oor die volgende te dink:

1. Ek wonder... wanneer was jy al baie siek?
2. Ek wonder hoe voel dit as iets van jou gesteel word.
3. Ek wonder wat doen jy as iemand vir wie jy lief is, weggaan.
4. Ek wonder... waarom sal God trots wees op jou?
5. Ek hoop jy verstaan dat God lief is vir jou en vir jou goed wil wees.

WERSKAF

- Kamma mosaïek: Gebruik geskeurde stukkies papier om 'n inkleurprent van Job te plak eerder as om dit in te kleur. *(Dit herinner aan die potskerwe.)*
- Handafdrukke: 'n Volwassene se hand word op 'n A4 getrek. Kopieer een vir elke kind. Laat die kinders handafdrukke daarop maak. Doen dit deur hul handjie in die verf te druk en dan op hul papier. *(My hand is veilig in God se hand.)*

- Gee aan groter kinders 'n stukkie gebreekte teël of porselein. Laat die kind besluit wat daar in sy/haar lewe is wat seermaak. Hulle kan dit selfs op die een kant van die teël skryf. Skryf of plak Johannes 10: 28 ook daarop: "Niemand sal hulle uit My hand ruk nie."
- As... "as jy kans sien". Teken 'n papierpop en knip dit uit. Druk dit in as. Kyk hoeveel as kan vassit.

Sluit af met die seënbede:

"Die Here kies jou om mense wat swaarkry, te gaan help, maak nie saak wie jy is nie. Gaan nou, moenie bang wees nie. Die Here is met jou."